



POMARIO ONAFHANKLIKE SKOOL

AANSOEK OM TOELATING: KABV (CAPS) Kurrikulum

Reg van Toegang Voorbehou

Hierdie dokument is 'n Aansoek om Toelating.
Na goedkeuring sal u 'n *Aanbod van Plek* vorm ontvang, en 'n *Aanvaarding van Plek* vorm moet voltooi word.

- POMARIO BIED AFRIKAANS EN ENGELS AS HUISTAAL EN EERSTE ADDISIONELE TAAL AAN. AANSOEKERS MOET VAARDIG WEES IN ALBEI HIERDIE TALE.
- LEERDERS IN DIE GRONDSLAGFASE KAN ÓF AFRIKAANS ÓF ENGELS HUISTAAL NEEM EN DIE ANDER TAAL AS HULLE EERSTE ADDISIONELE TAAL.
- LEERDERS VANAF GR 4 HET DIE OPSIE OM AFRIKAANS EN ENGELS AS HUISTAAL TE NEEM, ONDERWORPE AAN 'N FORMELE AANSOEK EN PROFESSIONELE ASSESSERING. ('N EKSTRA FOOI IS BETAALBAAR AS TWEE TALE OP HUISTAALVLAK GENEEM WORD.)
- GRAAD 1-INSKRYWINGS KAN ONDERWERP WORD AAN SKOOLGEREEDHEIDSTOETSING.
- LEERDERS IN GR 2 TOT 10 SAL TOELATINGSTOETSE IN AFRIKAANS, ENGELS EN WISKUNDE AFLÊ VOOR TOELATING OORWEEG SAL WORD.

AANSOEK VAN TOELATING VIR GRAAD ____ IN DIE JAAR 20____ (KWARTAAL: 1 2 3 4)

BESONDERHEDE VAN LEERDER

LEERDER SE VAN: _____ HUIDIGE GRAAD: _____
 VOLLE NAME VAN KIND: _____ NOEMNAAM: _____
 GEBOORTEDATUM: _____ GESLAG: M V
 ID / PASPOORT No.: _____
 HUISTAAL: _____
 BROER/SUSTER IN POMARIO: _____

(Kantoorgebruik alleenlik)
Aansoek Goedgekeur

BESONDERHEDE VAN OUERS (MOET DEUR ALBEI OUERS VOLTOOI WORD)

VADER

MOEDER

NAAM: _____
 VAN: _____
 ID NOMMER: _____
 HUISADRES: _____
 POSADRES: _____
 POSKODE: _____
 WERKGEWER: _____
 TEL (H): _____
 TEL (W): _____
 SEL: _____
 EPOS ADRES: _____

**VERWANTSAP VAN
KIND TOT OUERS:**

BIOLOGIESE PA	STIEFPA/VOOG	PA OORLEDE	GESKEI
BIOLOGIESE MA	STIEFMA/VOOG	MA OORLEDE	GESKEI

NOODKONTAKNOMMER: _____

(Naam, selnommer, verwantskap)

LEERDER SE MEDIESE BESONDERHEDE

ALLERGIEË: _____

CHRONIESE SIEKTES: _____

MERK SIEKTES WAT LEERDER REEDS GEHAD HET:

- | | | | | |
|---------------------------------------|--|---------------------------------------|---|--------------------------------------|
| <input type="checkbox"/> MASELS | <input type="checkbox"/> DUITSE MASELS | <input type="checkbox"/> KINKHOES | <input type="checkbox"/> WATERPOKKIES | <input type="checkbox"/> WITSEERKEEL |
| <input type="checkbox"/> PAMPOENTJIES | <input type="checkbox"/> RUMATIEKKOORS | <input type="checkbox"/> BOSLUISKOORS | <input type="checkbox"/> SKARLAKENKOORS | <input type="checkbox"/> TUBERKULOSE |
| <input type="checkbox"/> GEELSUG | | | | |

DATUM VAN LAASTE TETANUS INSPUITING: _____

ENIGE IETS ANDERS WAARVAN ONS KENNIS MOET DRA?: _____

LEERERS MET SPESIALE ONDERRIGBEHOEFES

INDIEN U KIND SPESIALE ONDERRIGBEHOEFES HET, MOET U ASB. DIE AARD VAN SY/HAAR DIAGNOSE EN DIE ONDERSTEUNING WAT BENODIG WORD, HIERONDER AANDUI.

BESONDERHEDE VAN SKOOL WAT LEERDER TANS BYWOON OF LAASTE BYGEWOON HET

NAAM VAN SKOOL: _____ HUIDIGE GRAAD: _____

ADRES: _____ LAASTE GRAAD GESLAAG: _____

NAAM VAN HOOF: _____ ☎ TEL: _____

SKOOLFOOIE EN BETALINGS

Inligting rakende skoolfooie vir 2023:

LAER- EN HOËRSKOOL (GR. 1 TOT GR. 12)				
	Grondslagfase Gr. 1 tot Gr. 3	Intermediêre Fase (Gr. 4 tot Gr 6)	Senior Fase (Gr. 7 tot Gr. 9)	VOO Fase Gr. 10 tot Gr.12) (Aanlyn skool)
2023 Skoolgelde per maand x12	R2,950	R3,295	R3,500	R3,550
<i>(2022 Skoolgelde per maand x 12)</i>	<i>R2,750</i>	<i>R3,075</i>	<i>R3,275</i>	<i>R3,550</i>

Let asb. op die volgende:

- a. Skoolfooie is vooruitbetaalbaar voor of op die derde dag van die maand. 'n Rekeningstaat sal maandeliks via e-pos aan ouers gestuur word.
- b. Debietorder betalings word verkies. Ouers moet self met hulle banke reël. Alternatiewe metodes is 'n elektroniese oorplasing of kontant.
- c. Ouers wat die volle skoolfooie vir 2023 voor 31 Desember 2022 betaal, kom in aanmerking vir 5% afslag. Skakel asb. die kantoor voor 15 November 2022 indien u van hierdie opsie gebruik wil maak.
- d. 'n Administratiewe fooi van R450.00 per kind is betaalbaar wanneer u kennis van goedkeuring ontvang het.

Bykomende inligting:

- Elke kind word versoek om twee pakke papier (500 velle elk) aan die begin van die jaar skool toe te bring ter ondersteuning van administrasie.
- Leerders verskaf hulle eie skryfbehoeftes. Impaq leerdergidse word deur die skool voorsien. 'n Lys van werkboeke en skryfbehoeftes wat vir elke graad benodig word, sal aan die einde van die jaar aan ouers voorsien word.
- Ekstra vervoerkostes is betaalbaar vir bywoning van buitemuurse aktiwiteite en kompetisies.
- As 'n rekening agterstallig is, sal dit aan invorderingskoste onderworpe wees. Maandelikse rente van 2% sal op rekenings gehef word wat meer as 30 dae agterstallig is.
- Indien 'n leerder die skool verlaat, word skriftelike kennisgewing van ten minste een skoolkwartaal vereis.

Addisionele kostes vir leerders wat twee tale as Huistaal neem (vanaf Gr 4):

As die ouer(s) se aansoek dat 'n leerder albei tale op huistaalvlak neem, suksesvol is en die leerder slaag die taalvaardigheidstoets, sal die volgende jaarlikse kostes betaalbaar wees:

Graad	Eenmalige jaarlikse fooi	Opmerkings
Gr. 4 – 6	R1 500	<i>Ouers sal in Februarie vir die bykomende bedrag gefatureer word. Hierdie addisionele fooi sal teen 3 Februarie saam met die normale skoolgelde betaalbaar wees.</i>
Gr. 7 – 12	R1 800	

Alle betalings moet gemaak word aan:

POMARIO PRIVAATSKOOL
ABSA BANK
REK NOMMER: 935 445 9481
TAKKODE: 632005

DIENSTE GELEWER

Onder normale omstandighede lewer Pomario Onafhanklike Skool opvoedkundige dienste by die skoolperseel te Paul de Villiersstraat, R303, Citrusdal. As die skool nie in staat is om 'n diens op die skoolterrein te lewer nie weens 'n pandemie, sosiale onrus, 'n nasionale krisis of omstandighede buite sy beheer, sal die lewering van opvoedkundige dienste voortgaan via die internet en e-leer.

Die minimumvereistes t.o.v. e-leer is toegang tot 'n rekenaar met die MS Office pakket, MS Teams en betroubare internettoegang. In uitsonderlike gevalle sal 'n tablet of 'n selfoon voldoende wees.

Weens die aard van hulle werk is leerders in die grondslagfase (Gr 1 – 3) uitgesluit van die volle e-leer program. Onderwysers sal direk met die ouers skakel indien afstandsonderrig benodig word om alternatiewe reëlings te tref.

NASORG

Die skool bedryf 'n volledige nasorgdiens met gestruktureerde aktiwiteite. 'n Aparte aansoekvorm sal verskaf word aan ouers wat in hierdie diens belangstel. Die nasorgdiens is beskikbaar vanaf die datum van heropening van die skool in Januarie tot die sluitingsdatum vir die vierde kwartaal. Die Junievakansie en Desember vakansies is by hierdie diens uitgesluit.

Hierdie diens word gebied teen 'n jaarlikse fooi wat in 12 maandelikse paaiemente betaalbaar is (vanaf Januarie tot Desember). Meer inligting hieroor sal aan belangstellende ouers verskaf word.

Dui asb. hier aan as u meer inligting oor die nasorgdiens verlang:

Ja
Nee

ALGEMEEN

1. Om in die behoeftes van u kind te voorsien en sy/haar vordering te verseker, word u versoek om enige inligting rakende sy/haar welsyn (sielkundig, emosioneel, medies en opvoedkundig) aan die skool bekend te maak
2. Kopieë van terapeutiese of intervensieverslae moet aan die skool verskaf word waar van toepassing.
3. Pomario behou die reg voor om op enige stadium 'n kredietnavraag te doen op ouers of persone wat vir die betaling van die skoolrekening verantwoordelik is.
4. Pomario Privaatskool het 'n Christelike etos en aktiwiteite word vanuit 'n Christelike perspektief aangebied. Met ondertekening van hierdie dokument aanvaar ouers ook dat die kind(ers) volgens hierdie waardes onderrig word.
5. Die volgende dokumente moet saam met hierdie aansoek ingedien word:
 - a. Afskrif van leerder se geboortesertifikaat/ID dokument/paspoort
 - b. Afskrif van mees onlangse skoolrapport
 - c. Afskrif van kliniekkaart (Gr 0/R leerders)
 - d. Afskrif van beide ouers se ID dokumente/paspoorte

AANSOEKPROSES

1. Dien hierdie voltooide aansoekvorm in, saam met die vereiste dokumente
2. Toelatingseksamens vir leerders in Gr 2 – 10 word afgelê.
3. Onderhoude met die ouers en leerder(s) word gevoer.
4. Aanbod van plek in Pomario Privaatskool word aangebied
5. Aanvaarding van aanbod deur die ouers.

HANDTEKENINGE EN VRYWARING

Ons, (Name en Vanne) _____
_____.

synde ouer(s)/wettige voog(de) van die bogenoemde leerder(s), doen hiermee aansoek vir plasing van my kind in Pomario Onafhanklike Skool, vir die datum en graad wat op bl. 1 aangedui is.

Ek/Ons verstaan dat Pomario 'n onafhanklike skool is wat staat maak op die vordering van skoolgelde om salarisse en ander bedryfskoste te dek en daarom nie in staat is om finansiële hulp te verleen nie. Ek verstaan dat, indien skoolgelde nie stiptelik betaal word nie, dit my kind se voortgesette bywoning van die skool in gedrang sal bring.

Ek/Ons kies om skoolgeld soos volg te betaal (merk die toepaslike opsie):

1	Jaarliks			
2	Maandeliks per	Debietorder (Ouers reël met bank)	Bankoorplasing (EFT)	Kontant

Ek aanvaar dat my kind(ers) Pomario Privaatskool op sy/haar/hulle eie risiko bywoon en dat die personeel en bestuur nie verantwoordelik gehou kan word vir enige eise, verlies van eiendom, skade of beserings nie. Ek/Ons verleen hiermee toestemming dat my/ons kind(ers) enige uitstappies/byeenkomste wat deur die hoof, personeel of ouers gereël word, mag bywoon. Ek/Ons aanvaar dat foto's van my/ons kind(ers) van tyd tot tyd vir bemarkingsdoeleindes gebruik mag word, soos benodig. (Skrap indien nie van toepassing.)

Ek/Ons verstaan dat, indien die skool weens omstandighede gedwing word om opvoedkundige dienste via e-leer aan te bied, ek/ons steeds daarvoor verantwoordelik is om die maandelikse skoolfooie te betaal om te verseker dat die skool steeds sy finansiële verpligtinge kan nakom.

- *Let asseblief daarop dat albei ouers hierdie ooreenkoms moet onderteken.*
- *Albei ouers is gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik vir die betaling van skoolfooie. .*
- *As die ouers geskei is, moet hierdie ooreenkoms deur albei ouers onderteken word.*

Ek/Ons onderneem om die R450 administrasiefooie met goedkeuring van hierdie aansoek te betaal.

Hierdie dokument sal by ondertekening 'n kontraktuele ooreenkoms tussen die ouers en die skool daarstel.

Vader se handtekening: _____ Moeder se handtekening: _____

Datum: _____ Datum: _____

Skoolhoof: _____ Datum: _____

HOE HET U GEHOOR VAN POMARIO ONAFHANKLIKE SKOOL?									
Mondelings ("Word of mouth")	<input type="checkbox"/>	Familie	<input type="checkbox"/>	Gedrukte Media	<input type="checkbox"/>	Webtuiste	<input type="checkbox"/>	Sosiale Media	<input type="checkbox"/>